DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

**28 Junie 2020**

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

## Lees: Openbaring 4 en 5
## Teks: Beide hoofstukke is belangrik vir die verstaan van die res van die Boek.
## Tema: Die Here beheer alles

Geliefdes. Hierdie is 'n lang gedeelte, maar ek gaan dit tydens 'n paar geleenthede per klankgreep hanteer. Hierdie is agtergrond vir u, sodat u kan lees soos ek verder gaan. Openbaring draai om hoofstuk 4 en 5 as God die Vader en Jesus in die visioen verskyn.In hierdie hoofstukke sien ons dat die kerk nie vernuwe gaan word met slim planne of nuwe tegnieke nie. Die lewe en energie van die kerk hang saam met hoe duidelik die kerk se visie op God is en hoe helder ons die evangelie van Christus verstaan. Dit is so: ons verloor stoom as ons visie vertroebel raak en die omstandighede rondom ons dreig om ons te oorweldig – soos Petrus wat begin sink het toe hy sy oë van Jesus afhaal.

As Johannes opgeneem word na die hemel, is die eerste gesig wat hy sien, 'n troon: "Ek het gesien daar staan 'n troon in die hemel en op die troon sit daar Iemand" (4:2). Hy sien die prag en glorie van die troon wat versier is met edelgesteentes – en rondom die troon vier-en-twintig ouderlinge en vier lewende wesens. Die troon is die teken van God se mag en koningskap. Dit is die eerste boodskap wat ons hier moet hoor. Dit word ook bevestig in die liedere wat tot God se eer gesing word – hier in hoofstuk 4, maar ook elders in die boek. In die hemel is alles in harmonie met mekaar – daar is nie wanklanke of valsheid nie. Vir die gemeentes aan wie die brief geskryf is, was dit baie belangrik om dit te weet. Ons hoor in die briewe van ander trone. Ons hoor dat daar in Pergamum 'n troon vir Satan is. Ons weet dat daar in al die stede allerhande tempels was met trone, onder andere ook tempels en trone vir die Romeinse keisers. Wat Johannes aan die gemeentes verkondig is dat daar 1 troon is – wat uittroon bo die trone van die wêreld! Die Romeinse keiser is nie die heerser nie: God alleen is die Here!

In hoofstuk 5 word die toneel versteur. Hy sien dat God in sy regterhand 'n boekrol het wat met sewe seëls goed verseël was. Daarna sien Johannes 'n sterk engel wat met 'n harde stem vra of daar iemand waardig is om die boekrol oop te maak en die seëls te breek?

Daar is 'n afwagtende stilte op soek na 'n skepsel wat waardig is om die boekrol oop te maak. Maar daar is niemand nie: "Niemand in die hemel of op die aarde of onder die aarde, was in staat om die boekrol oop te maak en daarin te kyk nie". As hy dit hoor, bars Johannes in trane uit! Hoekom? Die boekrol in God se hand bevat die afloop van die geskiedenis van die skepping. Die idee was dat soos die boekrol oopgerol word, dinge op aarde sal verander en God se plan uitgevoer sal word. Wat waar was in die hemel, moes deurgevoer word na die aarde.

En die boekrol se oopmaak was die sleutel vir die ontknoping van die verhaal. Johannes huil omdat hy weet hoe dit op die aarde lyk. Hy weet van die gemeentes, hy weet van hulle stryd en swaarkry en versoekings, hy weet dat hulle krag min is. Hy weet ook van die skepping wat sug en kreun onder die vloek van die sonde; hy weet van Rome, van die twee diere en van Satan wat God se skepping verniel en mislei. Hy huil omdat hy die heiliges hoor roep in die vervolging: “Hoe lank nog Here?”

Terwyl Johannes nog huil omdat niemand die boekrol kan oopmaak nie, hoor hy dat `n ouderling sê: “Moenie huil nie. Kyk die Leeu uit die stam van Juda, die afstammeling van Dawid het die oorwinning behaal en kan die boek oopmaak!” Niemand kan die boekrol oopmaak nie – behalwe Jesus! In die krisis tree Jesus – in sy liefde – na vore om die werk te doen. Dit verklaar hoekom Jesus ’n mens moes word! Die bepaling was dat dit ’n skepsel van God moes wees wat die boek rol oopmaak. Toe geen skepsel gevind kon word nie, het Jesus wat self God is – uit liefde vir ons – ’n mens geword om dit te doen! Dit laat ons iets verstaan van hoe ernstig God oor sy bepalings is. Dit is genade om te hoor dat Hy dit kan en gaan doen! Dit is wat ons hier in Openbaring 5 moet hoor. Die treurspel wat die lewe onder die vloek van die sonde geword het, sal nie vir ewig voortduur nie. Die lewe is nie maar een hartseer-episode wat op die ander volg nie. Al voel dit soms vir ons of ons nie gaan hou nie en dinge uitmekaar gaan spat, kan ons weet dat dit nie sal gebeur nie, omdat daar iemand is, Christus, wat alles bymekaar hou (Kol 1:17). Hy sal ons deur hierdie toetsende tyd neem. Hy is die Koning van die konings en die Here van die here. Hy is die Leeu aan wie alle mag behoort.

Hy kan die boekrol oopmaak. Die Leeu is ook ’n Lam. Toe Johannes kyk, sien hy – tussen die troon en die ouderlinge – nie ’n Leeu nie, maar ’n Lam staan! Die Lam wat geslag is (verse 6, 9, 12) en wie se bloed sou vloei sodat mense uit alle volke en stamme en nasies losgekoop kon word (vers 9). Dit is hoe ons gered is. Dit is hoe Jesus sy oorwinning behaal het (vers 5)! Hierdie is die evangelie waarmee ons sukkel. Vir ons lyk doodgaan nie na wen nie, maar na verloor. Ons hou meer van die Leeu as van die Lam. Ons sien Jesus liewer op ’n perd as op ’n donkie. Ons hou meer van krag as van swakheid. Ons wil soos wenners lyk en nie soos verloorders nie. Die Lam en die donkie en die kruis het ’n vaste plek in die evangelie. Daar is nie ’n evangelie sonder die Lam en die donkie nie. As ons dink ons weet van so ’n “evangelie”, kan ons seker wees dit is nie die evangelie van Jesus Christus nie. Dit is waarskynlik die evangelie van die keisers van Rome, van geld en mag en “die goeie lewe”. Die goeie nuus is dat God ons nie net wil nie, maar ook kan red. Hy het die krag en die vermoë om dit te doen. Die evangelie is hoe God dit doen: nie deur krag of geweld, maar deur swakheid en liefde. Die prentjie van die Lam vertel die verhaal! Die waarheid is dat die kerk graag die eerste deel hoor, van ’n sterk God wat alles kan doen, maar sukkel om die tweede deel – en die implikasies wat dit vir ons het! – goed te hoor en te omhels. Jesus se koms is God se genade en Verbondstrou. Die krag van die evangelie lê nie in mag en geweld nie, maar in liefde. En juis daarom het Jesus alle mag in die hemel en op die aarde.

# OOG VIR MEKAAR




- Baie geluk aan Nantes en Sarie Kotze met die geboorte van sy kleinseun en haar agterkleinseun Louis Trichardt. Geluk aan die ouers en sterkte met die grootmaak van julle babatjie.
- Ons bid die troos van God die Heilige Gees vir Jaco en Anna Nel en hulle familie met hulle moeder wat Sondag oorlede is en Donderdag begrawe is.
- Ons dank die Here dat Hy baba Alwyn Carstens bewaar het en deur die Intensief gedra het. Baie seën vir Alwyn en Natania en familie met die kleinman se herstel. Hy sal Vrydag as alles goed verloop, ontslaan word.
- Ons is baie dankbaar dat die Here vir Marius Schutte bewaar het tydens 'n ongeluk met 'n trekker. Hy het in die proses beide enkels en ribbes gebreek en ook harsingskudding opgedoen. Hy moes ook 'n operasie aan sy regter enkel ondergaan. Sterkte vir Veronica wat nou voltyds sal moet verpleeg terwyl hy in die rolstoel en op krukke is.
- Ons bid vir Marie Seegers en familie met haar skoonseun, Johan, se siekte. Marie is Saterdag na Amersfoort om daar te help. Ons bid julle die krag van God die Heilige Gees toe om bystand en ondersteuning te gee.
- Ons bid vir ons skoolkinders, ouers en onderwysers. Dit is vir ons almal 'n bekommernis dat ons kinders 'n jaar se akademie kan verloor. Ons glo dat die Here 'n plan het en ons bid ouers die seën, wysheid en insig toe met keuses wat gemaak moet word. * Die finansiële impak van die pandemie is besig om uit te brei. Ons bid vir almal wat swaarkry met salarisse wat ingekort is of wat geen inkomste meer het nie. Ons vra die Here vir uitkoms dat Hy vir ons die pad sal wys.
- Ons dank aan die lidmate wat die Diakonie ondersteun om die liefdeswerk te bly doen.
- Die ouderlinge vergader DV Maandag 29 Junie in die kerkgebou. As u enige voorstelle het om die gemeente effektief tydens die inperking te bedien, kan u asb vir ds Sarel skakel of 'n e-pos stuur om daaroor te besin en te kyk of dit prakties haalbaar is. Dit is vir ons almal 'n vreemde situasie wat vir 'n onbepaalde tyd kan voortduur.

## FINANSKOMMISSIE

Die finanskommissie versoek lidmate wat kontant bydraes maak t.o.v. hulle offergawes om asb nie hulle bydraes te stop nie, maar om Daleen Coetzee te skakel op 079 490 2678 om reëlings te tref vir sodanige betalings.

## KERKKANTOOR

Neem asseblief kennis dat die kerkkantoor weer oop is op Maandae; Woensdae en Vrydae van 08:00 tot 12:00 uur.

## BYBELSTUDIE

As gevolg van die huidege omstandighede rakende byeenkomste sal Bybelstudie eers weer na die inperking hervat word.

**Elke lidmaat in die gemeente word uitgenooi om in te skakel by een van die Bybelstudiegroepe. Dit is waar ons mekaar regtig leer ken, vriende word en mekaar ondersteun, waar die Christelike liefde spesiaal ondervind word**

Kontak Alta indien daar lidmate is wat in gesinsverband of tuisbybelstudie wil doen, altatheron@vodamail.co.za

| | |
|---|---|
| Gebed | Openbaring |
| Daniël | Dood en hiernamaals |
| Joël | Jakobus |
| Maleagi | Die duiwel maak sin |
| Miga | Hebreërs |
| Nahum | Die lewende kategismus |
| Groei in die Gees | Beproewing |




***Bybelstudies ook beskikbaar op die webblad www.gereformeerd.co.za***

## PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met Nantes Kotze kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per e-pos na die kerk se e-posadres stuur.

**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**



# KALENDER



## *Verjaarsdae*

| Datum | Naam | Belydend/ Doop | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| ** 70 en ouer, ** 80 en ouer, *** 90 en ouer, **** 100 en ouer* | | | |
| So 28 Junie | Hilda Hattingh<br>***Buks Korff ***** | B<br>B | 072 921 8060<br>083 958 3775 |
| Ma 29 Junie | Marco Jacobs | B | 065 994 4574 |
| Wo 1 Julie | Chane Meintjies | B | 079 250 2338 |
| Do 2 Julie | Gideon De Klerk | B | 082 805 8947 |
| Vr 3 Julie | ***Gerda Marx ****<br>Marius Schutte | B<br>B | 079 510 8209<br>082 414 8183 |
| Sa 4 Julie | Fred Potgieter | B | 060 528 1997 |

## Huweliksherdenkings

| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| 3 Julie | Marius en Veronica Schutte | 16 | 072 484 9623<br>082 414 8183 |

**Preke en Die Basuin :**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

"Here; ons God; U is waardig om die heerlikheid en die eer en die mag te ontvang omdat U alles geskep het; deur u wil het alles ontstaan en is dit geskep."
Openbaring 4 : 11

